# 2018 Kloppers Suid-Kaap Edenjaggeweerskiet Ope

aangebied te La Mercy, Herold op 24 Maart 2018.

Verrigtinge het vroegoggend afgeskop by Oppieplaas lokaal met sy asemrowende uitsig oor Waboomskraal se hopsplase en die Outeniqua gebergtes. Vars koffie en beskuit het die 124 skuts ingewag en na die formaliteite van inskiet afgehandel was is die samekoms op die grasperk voor die onthaal saal is op gepaste wyse geopen deur veteraan van Edenskiet, oom Johan Fourie. Daarna is die dag se reëlings en baan uitleg oorgedra aan die skuts deur Edenjaggeweerskiet se voorsitter, Jacques du Plooy.



Na die registrasies en ander nodige administratiewe take, asook die baan inspeksie deur van ons naburige provinsies se skuts, afgehandel was is die baan trekkings gedoen en kon skuts vertrek na die baan ongeveer 6km vandaar teen die voet van die Outeniquas op die gronde van die bekende Du Toit broers van Herold omgewing.

By Baan 1 is die skuts begroet met 10 springbokke op die rand van ‘n klipperige droë land en aangesien daar geen gepaste rus naby was moes skuts van die vryhandsit posisie gebruikmaak om punte op die bord te kry. Afstand was ongeveer 135m.



Baan 2 se skietpunt was geleë op die rand van 'n krans met 'n arendsuitsig oor die stel gonge wat teen die oorkanste rante gestaan het.  Die skuts het stelling inneem op 'n ou kontoerwal.

Afstande wissel van 210m tot 370m.



Na Baan 3 stap skuts teen die kant van 'n randjie op en vind, op die gelykte, 2 boomstompe waarvandaan 'n stel gonge onder in die laagtes aangedurf moes word. Afstande was alles onder 300m.



Baan 4 se 10 blesbokke aan die voet van die Outeniquas word op ‘n afstand van ongeveer 230m met behulp van ‘n stel Accuracy Concept rekstokke aangedurf.

Mirage oor die wit sanderige lande het wegkomkans verleen aan menigde blesbokke.



By Baan 5 wag 10 bobbejane wag die skuts in op ‘n sandwal in die omgewing van 275m. Skuts maak gebruik van stewige drie poot stokke in die kniel posisie om die vyf skote sekuur af te plaas oor die verlate vlaktes van La Mercy.





6
7
8
9
10

Baan 6 word uit die vryhandstaan geskiet na jakkalse wat teen ‘n effense helling no bo staan.



Die dag verloop sonder enige insidente en voor 14h00 ego die laaste skote teen die Outeniquas waarna almal vertrek na die onthaalsaal in Waboomskraal waar die namiddag en aand se verrigtinge sy loop geneem het. Die bekwame manne van Kloppers, Edenjaggeweerskiet Ope 2018 se borg, staan gereed om skuts te beloon met R135 000 se pryse, saamgestel uit alle moontlike skiettoebehore. ‘n Gelukkige trekking maak van ‘n deelnemer op die dag ‘n trotse eienaar van ‘n Savage VLP .260 geweer.


expert
Kloppers


expert
Kloppers
CROWN NATIONAL
We're here to help


expert
Kloppers
CROWN NATIONAL

Die skoner geslag span van Edenjaggeweerskiet het weereens die provinsie se naam hoog gehou in die dames interprovinsie span kompetisie.




Die res van die resultate in die verskillende klasse lyk as volg:

# Suidkaap Ope 2018

| | Pos | Surname | Name | Initials | ID Number | Province | Class | Next Shoot Status | Totaal /900 | Klas | Posisie |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Gold | 1 | Van Wyk | Stephan | JS | 6901255005087 | NW | Men | Gold | 766 | Gold | Eerste |
| | 2 | Enslin | Vaalseun | C | 7902145009080 | BOL | Men | Gold | 746 | Gold | Tweede |
| | 3 | Ferreira | Francois | FL | 7803315006080 | EC | Men | Gold | 735 | Gold | Derde |
| Silver | 1 | Viviers | Gileam | G | 8606055057083 | WP | Men | Silver | 745,2 | Silver | Eerste |
| | 2 | Van Zyl | Leras | L | 200201225183080 | SC | Junior u16 | Silver | 736 | Silver | Tweede |
| | 3 | Uytenbogaardt | Barend | BJ | 6808275152080 | WP | Men | Silver | 690 | Silver | Derde |
| Bronze | 1 | Laubsher | Andries | JJ | 8210075251089 | WP | Men | Bronze | 705,3 | Bronze | Eerste |
| | 2 | Lambrechts | Charl | CA | 200307255155086 | WP | Junior u16 | Bronze | 520 | Bronze | Tweede |
| | 3 | Muller | Rusthoff | AR | 9505095009089 | NW | Men | Bronze | 495,2 | Bronze | Derde |
| Penkoppe | 1 | Boshoff | Chris Jnr | CA | 13 | FS | Penkop u14 | NonMem | 390 | Penkoppe | Eerste |
| | 2 | Hanekom | Frederick | FS | 200409065117080 | WP | Penkop u14 | Bronze | 195 | Penkoppe | Tweede |
| | 3 | Viljoen | Henco Jnr | H | 200501015398081 | SC | Penkop u14 | NonMem | 20 | Penkoppe | Derde |
| Juniors | 1 | Van Zyl | Leras | L | 4 | SC | Junior u16 | Silver | 736 | Juniors | Eerste |
| | 2 | Moolman | Manus | HP | 200209265059086 | SC | Junior u16 | Gold | 655,1 | Juniors | Tweede |
| | 3 | Obermeyer | Danie | DJ | 200012045212086 | BOL | Junior u16 | Gold | 605,1 | Juniors | Derde |
| Ladies | 1 | Van Zyl | Junita | J (Mev | 8104250036086 | SC | Ladies | Gold | 700,3 | Dames | Eerste |
| | 2 | Boshoff | Tracey | TM | 8004150077083 | FS | Ladies | Gold | 630,2 | Dames | Tweede |
| | 3 | Volschenk | Marlize | M | 6604080115085 | WP | Ladies | Silver | 610,1 | Dames | Derde |
| Seniors | 1 | Kotze | Marius | MJ | 6603085205081 | WP | Senior 50-59 | Gold | 710,1 | Seniors | Eerste |
| | 2 | Van Greunen | Renier | RG | 6612135015085 | SC | Senior 50-59 | Gold | 690,6 | Seniors | Tweede |
| | 3 | Volschenk | Andre | A | 6112095167083 | BOL | Senior 50-59 | Gold | 660,4 | Seniors | Derde |
| Veterans | 1 | Bellingan | Boertjie | J | 4407065005087 | WP | Veteran o60 | Silver | 605 | Veterane | Eerste |
| | 2 | Farnham | Jimmy | JJ | 5308315063083 | SC | Veteran o60 | Silver | 410 | Veterane | Tweede |
| | 3 | Welsh | Willem | WL | 5606245077085 | WP | Veteran o60 | Silver | 345 | Veterane | Derde |
| Non-Mem | 1 | Kotze | Danie | Dpj | 8404275016083 | WP | Men | NonMem | 520 | Nie-Lede | Eerste |
| | 2 | Goedhals | Abree | AL | 7008215019080 | SC | Men | NonMem | 460 | Nie-Lede | Tweede |
| | 3 | Scheepers | Tommie | TJ | 5809195118087 | EC | Senior 50-59 | NonMem | 425 | Nie-Lede | Derde |
| Overall | 1 | Van Wyk | Stephan | JS | 6901255005087 | NW | Men | Gold | 765,9 | Algeheel | Eerste |
| | 2 | Enslin | Vaalseun | C | 7902145009080 | BOL | Men | Gold | 745,6 | Algeheel | Tweede |
| | 3 | Viviers | Gileam | G | 8606055057083 | WP | Men | Silver | 745,2 | Algeheel | Derde |
| | 4 | Van Zyl | Leras | L | 200201225183080 | SC | Junior u16 | Silver | 736 | Algeheel | Vierde |
| | 5 | Ferreira | Francois | FL | 7803315006080 | EC | Men | Gold | 735,4 | Algeheel | Vyfde |
| | 6 | Nigrini | De Waal | DeWJ | 9601115124089 | SC | Men | Gold | 725,1 | Algeheel | Sesde |
| | 7 | Viljoen | Reynecke | BR | 8407205197089 | BOL | Men | Gold | 720,3 | Algeheel | Sewende |
| | 8 | Kühn | Johan | J | 7409075052080 | WP | Men | Gold | 710,7 | Algeheel | Agste |
| | 9 | Kotze | Marius | MJ | 6603085205081 | WP | Senior 50-59 | Gold | 710,1 | Algeheel | Negende |
| | 10 | Laubsher | Andries | JJ | 8210075251089 | WP | Men | Bronze | 705,3 | Algeheel | Tiende |